# Die Oes is groot en die arbeiders is min.

**Donderdag 10 November 2022**

**<u>Skriflesing</u>** Luk 10:1-16 (2,3)

**“Die oes is groot maar die arbeiders min.**
**Bid dan die Here aan wie die oes behoort,**
**Om arbeiders uit te stuur vir sy oes.**
**Gaan nou!**
**Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.”**

In hierdie week vertel iemand my dat sy kleinseun wat in Australië skoolgaan, nou die dag die volgende vraag gekry het nadat hy gebid het vir sy kos:

- “Who is this Jesus guy to whom you pray?”

Daar is soveel nood in die wêreld. Nood wat beteken dat die oes groot is en die arbeiders min. Baie mense het nog nie die evangelie gehoor nie. Baie mense het nog nie tot ware bekering gekom nie, alhoewel hulle al die evangelie gehoor het. Ons wat tot geloof gekom het het die wonderlike genade ontvang om te mag glo dat Jesus Christus ons Verlosser en Saligmaker en Koning is.

Ons mag nie hierdie wonderlike gawe van die evangelie van verlossing in Jesus Christus,vir onsself hou nie. Ons moet dit uitjubel en dit ook aan ander meedeel. God roep ons daartoe. God maak ook gewillig en bekwaam Ons moet nie vrees of bang wees hiervoor nie, want God roep ons om as christene te leef en ook sodoende die evangelie uit te dra.

Daarom moet ons nooit ophou om te bid vir diegene wat spesifiek geroep is om die evangelie te verkondig onder heidene en onder moeilike omstandigehede nie.

## <u>1 Die Oes is groot.</u>

As Jesus sê dat die **OES IS GROOT,** dan openbaar Hy hoe groot en omvangryk hierdie saak is.

Die oes word hier in figuurlike sin gebruik. Dit beteken dat die oes dui op die volk van God. Daar is so baie mense wat die evangelie moet ontvang. Soveel wat moet weet van verlossing in Jesus Christus. God se onmeentlike genade en barmhartigheids trou word ook hier in Jesus Christus openbaar. **<u>In Mat 10:36 lees ons</u>: “Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ‘n wagter het nie.”**

## <u>2 Die Arbeiders is min!</u>

Op weg na Samaria het Jesus 72 dissipels aangewys om twee-twee die evangelie te gaan verkondig. Om twee-twee uitgestuur te word het baie sinvolle waarde. Twee kan mekaar ondersteun en versterk. Ook die Skrif praat van 2 getuienis wat ‘n saak laat vasstaan. (Deut 19:15)

God het hulle gestuur met ‘n spesifieke opdrag om die evangelie te gaan verkondig.

Hierdeur kry ook ons die opdrag vandag om sy dissipels te wees. Ons kry ook die opdrag om getuienis te wees in die koninkryk van God. **Mat 28:19-20** **"**Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels; doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Hulle moes weet dat hulle soos lammers tussen wolwe ingaan. Die beeld beteken dat die werk nie maklik sou wees nie. Hulle sou nie orals welkom ontvang word nie. Hulle sou soos lammers gewees het tussen wolwe.

Hulle kon egter verseker wees dat wat hulle doen God aan hulle die krag sou verleen. Die vrede wat hulle moes gaan verkondig sou God aan hulle genade verleen. Sommige sou dit bloot nie aanvaar het nie, maar ander sou die evangelie aanvaar.

**v16) "Wie na julle luister, luister na My;**
**Wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp,**
**verwerp Hom wat My gestuur het."**

Die duiwel is ook besig om in die oesland te werk. Hy is besig om te soek wie hy kan verslind. (1 Petr 5:8,9) Hy soek mense om afvallig te word. Daarom dat ons nie moet dink dat woordverkondiging ooit maklik is nie. Ons merk vandag hoe moeilik dit is.
Daar is so baie dinge wat die duiwel ons mee besig hou om ons aandag af te trek van die eintlike werk wat ons moet doen. Ons raak en is so besig dat ons nie meer tyd het, vir die koninkryks-werk nie. Daar is begeerlikhede van besittings, wanverhoudings, nie tyd vir opregte diens aan God nie, nie tyd Sondag vir kerk nie, nie tyd vir Bybellees nie, nie tyd vir bid nie.

Maar ons vergeet dat ons elke oomblik van die dag besig moet wees by die werk, by die skool waar ons ookal is om die evangelie uit te dra, al is dit om te bid vir die kos wat ons eet, sodat iemand kan sien en dalk vra: **"Who is this Jesus guy to whom you pray?"**

Ons dink so dikwels dat ons moet bid **vir ander** om die oes in te samel. Ons dink dat dit net spesifieke mense die opdrag daartoe het. Ons moet net toeskouers wees nie maar mede-arbeiders. Elkeen van ons wat na hierdie boodskap luister, is deur God geroep.
Ons het die geloof ontvang.
Ons ken Jesus Christus.
Ons ken ook die Bybel, sommige beter en ander nie so goed nie.
Maar elkeen van ons kan vir iemand anders vertel van die Lewende God en erken net dat Hy alles in jou lewe is.
Hy gee jou krag om te werk en te leef en te speel.
Alles wat ek is en het, het ek van Hom ontvang.
So getuig van Sy grootheid en Sy goedheid en Sy liefde!
So is jy besig om die evangelie uit te dra en te verkondig dat dit God is wie jou Skepper en onderhouer is.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** ***gskruger1@gmail.com***